e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

13 Mei 2010
Jaargang 3 – Uitgawe 14

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

HEMELVAART
Geen verleentheid, maar 'n opdrag!

Die kerk herbedink 39 dae ná Paassondag en 10 dae voor Pinkster die hemelvaart van Jesus Christus. Ons het goeie rede om dít jaarliks te doen.

Naas Lukas 24: 50-52 en Handelinge 1: 1-11 bring die volgende gedeeltes ook die belangrikheid van hemelvaart onder ons aandag: Matteus 26: 64, Johannes 14: 1-3, Efesiërs 4: 8-10, 1 Tessalonisense 1: 10, Hebreërs 2: 9, 4: 14, 9: 11-12. 'n Hele aantal van die vroegste teoloë soos Polikarpus van Smirna, Justinus die Martelaar en Irenaeus van Lyon het al breedvoerig oor die hemelvaart geskryf. Dit is daarom nie vreemd nie om te lees dat die hemelvaart van Christus reeds opgeneem was in die Geloofsbelydenis van Rome (die voorloper van die Apostoliese Geloofsbelydenis). Daar is historiese bewyse dat die Hemelvaartfees sedert 370 nC elke jaar gevier is.

Hoekom het mense oor die laaste dekades belangstelling in hierdie aspek van die Christelike geloof verloor (ten spyte van bemoedigende tekens hier en daar)? Die moderne mens het die aanvoeling dat ons hier met 'n mitologiese wêreldbeeld gekonfronteer word, waarmee hy nie kan identifiseer nie. Om die kerk verleentheid te spaar, het enkele eksegete die ter sake teksgedeeltes as latere, sekondêre legendes beskryf. Indien kerklike teoloë dít sê, is dit olie op die vuur van diegene wat skepties staan teenoor die evangelie.

Lees 'n mens egter Lukas en Handelinge as *sendingdokumente* (soos hulle gelees behoort te word), is dit duidelik dat hierdie tekste nie inligting wil gee oor 'n misterieuse gebeurtenis nie, maar oor die ontnugtering van die dissipels. Vir hulle was daar niks meer te aanskou nie, maar net iets te doen. Hulle moes gaan getuig. Jesus het gegaan; nou moet húlle gaan. Hulle sou wel *krag* ontvang vir hierdie taak met die uitstorting van die Heilige Gees, en Christus sou hulle nie alleen laat nie – maar gaan moes hulle gaan.

Hemelvaart is dus onlosmaaklik verbonde aan die opstanding, die Heilige Gees en die sending-opdrag. Anders gestel: Paassondag en Pinkstersondag vorm die hoekstene van die Hemelvaartfees wat weer onlosmaaklik verbonde is aan die apostolaattaak van die kerk. Christus het nie bloot in die harte van die gelowiges opgestaan nie, en die Gees is nie die entoesiasme van 'n groepie in die kerk nie. Hemelvaart verbind die hemel en die aarde, dit laat die heilsgeskiedenis die wêreldgeskiedenis binnegaan. Die hemelvaart van Jesus is die beginpunt van die vaart van sy getuies oor die aarde heen. Die verleentheid rondom hemelvaart is nie die mitiese wêreldbeskouing nie, maar ons gebrekkige getuienis en diens. Hemelvaart moet nie ontmitologiseer word nie, maar herontdek word. Almal moet daartoe bydra dat ook ons Kerk die hemelvaarttekste sal herontdek, alleenlik dán sal ons groter entoesiasme kan wek vir sending, evangelisasie en apologie.

Ons Kerk staan met haar rug teen die muur. Ons word al kleiner. Die meeste ampsdraers en lidmate besef dat ons iets sal moet doen, maar niks gebeur nie. Hoekom nie? My vermoede is dat daar slegs 'n klein aantal tekste is wat vir ons belangrik is. Ons kennis van die evangelie is té klein. Indien tekste soos dié wat oor hemelvaart handel nie in belangrikheid gaan toeneem nie, gaan niks gebeur nie. Geen toerustingskursus gaan ons aan die werk kry nie. Om hierdie rede hoop ons dat lidmate in hul duisende die Hemelvaartdienste sal bywoon.

Prof Natie van Wyk

(Op Donderdag 13 Mei vier die Hervormde Kerk **Hemelvaart**. In al die gemeentes van die Kerk sal eredienste gehou word, en lidmate word opgeroep om dit by te woon. Die Sinodale Kerkkantoor is op Hemelvaartdag gesluit. Daarom word hierdie uitgawe van die *e-Hervormer* reeds op Woensdag 12 Mei uitgestuur.)

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Dr Jan Truter

Ds Jasper van der Westhuizen

Beroep ontvang

- **Dr Jan Truter** van Letsitele na Theresapark
- **Ds Jasper van der Westhuizen** van Hendrina/Breyten na Parys

Beroep bedank

- **Ds Jasper van der Westhuizen** van Hendrina/Breyten na Parys

Vakante standplaas

- **Gemeente Bothaville** beskik oor 'n vakante **volsorgstandplaas**, en nooi belangstellende predikante en proponente van die Hervormde Kerk om **voor of op 22 Mei 2010** 'n e-pos of faks te stuur aan **doutie@vodamail.co.za** of 056 515 2673. Meld asseblief u naam, aantal diensjare, ouderdom en kontakbesonderhede.

  Bothaville is 'n dinamiese plattelandse gemeente met nagenoeg 300 belydende lidmate. Die gemeente beskik oor 'n netjiese pastorie, en die NHSV is besonder aktief.

  Navrae kan gerig word aan die skriba, oudl Louwtjie Denner, by 083 273 2387, of die konsulent, ds Gert van Staden, by 082 777 6254.

PREDIKANTE EN GEMEENTES



Oudl Manie Dreyer

- **Oudl Manie Dreyer** van **Gemeente Theresapark**, voormalige ouderlinglid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) en in die Kerk wyer bekend as direkteur van Castle Carey en berader van talle predikante, predikantsgesinne en lidmate, is op Saterdag 8 Mei onder blyke van groot belangstelling en meelewing ter ruste gelê. Sy jarelange predikant, ds Fanie Naudé, het die roudiens gelei, en prof Theuns Dreyer het namens die Kerk dank vir sy lewe uitgespreek en meelewing teenoor mev Hettie Dreyer, hul kinders en kleinkinders betuig. Manie se jarelange vriend en kollega, dr Koos Engelbrecht, het die bedankings gedoen. Die Kerk en Manie se geliefdes het op 'n waardige wyse van hom afskeid geneem.

- **Oudl Hannes Esterhuizen** van **Gemeente Zwartruggens**, jarelange ouderlinglid van die Kommissie van die AKV, is die aand van 10 Mei oorlede. Hy het in die week van 12 tot 14 April 'n werkwinkel van die Raad vir Kerk en Teologie bygewoon en sou oor die naweek van 17 tot 18 April die bevestiging van ds Joseph Steÿn in Postmasburg bywoon. Hy is egter op 15 April in die Wilgers-hospitaal opgeneem, waar kolonkanker by hom gediagnoseer is. Hy het drie operasies ondergaan, maar sy toestand het daagliks verswak. Die roudiens vind op Vrydag 14 Mei om 14:30 plaas in Gemeente Zwartruggens. Meelewing word betuig met sy vrou, Elsie, en al sy kinders en kleinkinders.

- **Die volgende predikante verjaar in die komende week,** en word hartlik geluk gewens.

  - Vrydag 14 Mei: Di Willem Kok en Pieter Uys
  - Saterdag 15 Mei: Ds Danie Erasmus
  - Sondag 16 Mei: Ds André Swanepoel
  - Maandag 17 Mei: Ds André Strauss

- Dinsdag 18 Mei: Ds Stoffel Smit en prop Marissa van Zyl
- Donderdag 20 Mei Di Hendrik Odendaal, Theuns Snyman en dr Piet van Zyl
- Vrydag 21 Mei: Ds Johan van Greunen

- **Ds Johan Smit** aanvaar op Sondag 23 Mei emeritaat. Die erediens begin om 11:00 in die kerkgebou van **Gemeente Brakpan-Harmonie**. Kontak Hannelie by 011 740 9683 of ds Hannes Jansen van Rensburg by 082 711 7375 vir meer inligting.

Ds Johan Smit Ds Attie Hattingh

- **Ds Attie Hattingh** van Gemeente Delareyville en enkele lidmate besoek die gemeente in Bulawayo die volgende paar dae. Hulle het reeds op 11 Mei per motor vertrek. Op 13 Mei, op Hemelvaartdag, sal ds Hattingh 'n erediens lei en weer op Sondag 16 Mei. Dit is die eerste keer in baie jare dat 'n Hemelvaarterediens in Bulawayo gelei word deur 'n predikant. Gewoonlik is dit 'n leesdiens waargeneem deur een van die ouderlinge.

- Die **NHSV** se 70 jaar-feesvieringe word voortgesit oor die naweek van **22 tot 23 Mei** met 'n **feesboodskap** vanaf die hoofbestuur en die uitdeel van glansbrosjures, waarna die dames van die gemeentes die lidmate sal bederf met 'n gemeentetee/-ete.

- **Gemeente Montana** het 'n **elektroniese Thomas kerkorrel te koop**. Die prys is onderhandelbaar. Kontak Johan Lottering by 082 781 0658 of die gemeentelike kerkkantoor by 012 567 1753.

- Met die oog op die komende **AKV** word kerkrade versoek om hul **geloofsbriewe** so gou moontlik in te stuur na die sekretaris van die Kommissie van die AKV. Dit kan elektronies gestuur word, maar moet behoorlik voltooi word. Ringsvergaderings en rade word daaraan herinner dat verslae en beskrywingspunte wat in die agenda opgeneem moet word **teen 15 Mei** ingehandig moet wees, behalwe in die gevalle waar reëlings getref is vir laat inhandigings. Let asseblief daarop dat die nuwe geloofsbrief waarin slegs die primus en sekundusouderlinge aangedui word, gebruik moet word. Predikante is deel van die vergadering, moet daar wees en word nie afgevaardig nie.

- **Die Kommissie van die AKV** kom op **3 en 4 Junie** vir hul kwartaallikse vergadering byeen. Dit is die laaste vergadering voordat die agenda vir die 69ste AKV gefinaliseer word. Alle ringsvergaderings, rade, komitees en kerkrade moet toesien dat sake wat die aandag van die Kommissie moet geniet, die sekretaris **op die laatste op 24 Mei** bereik. Die konsepagenda van die AKV sal teen die middel van Junie deur die Agendakommissie gefinaliseer word.

- Die volgende **ringsvergaderings** moet nog plaasvind:

  - 14 Mei Lydenburg, te Sabie
  - 15 Mei Johannesburg, te Johannesburg-Suid
  - 15 Mei Oos-Kaapland, te Jeffreysbaai
  - 17 Mei Pretoria-Noord, te Noordwestelike Pretoria
  - 22 Mei Zeerust, te Zwartruggens
  - 23 Mei Trichardtsfontein, te Trichardtsfontein



- Die **5de Algemene Diakensvergadering (ADV)** vind by Gemeente Meyerspark plaas van **Woensdag 19 tot Saterdag 22 Mei 2010**. Registrasie begin op Woensdag 19 Mei om 16:30, en die openingserediens begin om 19:00.

- Gemeentes kan **nominasies** voorlê vir die toekenning van 'n **erepenning vir besondere dienslewering** in die Kerk. Die nominasies moet die sekretaris van die Kommissie van die AKV **voor 31 Mei 2010** bereik.

- **Nominasies** vir die toekenning van die **HCM Fourie-erepenning** sluit ook op **31 Mei 2010**.

Dr Christo Pretorius

- Belangstellende lidmate en kerkraadslede word uitgenooi na die stigtingsbyeenkoms van die **Vriende van die Museum**. Dit vind plaas op **Sondag 16 Mei** om 14:00 by die kerkgebou van Gemeente Pretoria in Du Toitstraat. Kontak dr Christo Pretorius by 083 651 9634, of Ansie Joubert by 012 321 7580 of **pretoria@nhk.co.za** vir meer inligting, en om te bevestig of u die geleentheid gaan bywoon.

- Die derde Sondag in Mei is sedert die vroeë tagtigerjare as *Aids Memorial Sunday* bekend. Anders as *Wêreldvigsdag,* wat 'n vaste datum (1 Desember) het, is ***Vigsherdenkingsdag*** spesifiek op 'n Sondag, en kan kerke en gemeentes daarby aansluit. Statisties gesproke is daar waarskynlik geen gemeente in Suid-Afrika waar daar nie mense is wat met MIV/vigs leef nie. Laat ons **Sondag 16 Mei** aan diegene dink wat geïnfekteer en geaffekteer daarmee leef.

Ds Marthinus van Staden

- **Gemeente Gaborone** beplan om hul **voltooide kerkgebou feestelik in gebruik te neem** op **Sondag 30 Mei**. Op Saterdag 29 Mei kom almal van 15:00 af by die kerkterrein bymekaar vir 'n program en 'n skaapbraai. Op Sondag 30 Mei word die fees voortgesit met 'n Nagmaalerediens om 09:00 waarby die vorige predikante van die gemeente betrek sal word. Hulle nooi alle belangstellendes en lidmate wat voorheen aan die gemeente verbonde was om saam fees te vier. Kontak ds Marthinus van Staden by **mvansta@xsinet.co.za** of 00267 713 07197, of besoek hul webblad by **www.nhgaborone.org** vir meer besonderhede.

- Die **nuwe kerkgebou** van **Gemeente Rustenburg** word ingewy op **Sondag 30 Mei** om 11:00. Oudlidmate en belangstellendes wat die geleentheid wil bywoon, moet asseblief hulle teenwoordigheid bevestig by die sekretariële beampte, mev Mari Wienek, **voor of op 19 Mei**. Kontak haar by 014 537 2488 (soggens), 084 208 7445 of **nhkruse@telkomsa.net**.

Ds Herman Gothan

- **Gemeente Heilbron** word die naweek van **23 September 2011 100 jaar oud**. Hulle gaan verskeie projekte aanbied ter herdenking van die eerste 100 jaar van die gemeente se bestaan. Die hoogtepunt sal 'n **tradisionele basaar** en **Nagmaalnaweek** wees van **23 tot 25 September 2011**. Hulle versoek alle oudpredikante, oudkerkraadslede en oudlidmate om dokumente, foto's, staaltjies of nagedagtenis waaroor u van die gemeente beskik, met hulle te deel. Relevante inligting sal in 'n Gedenkalbum opgeneem word. Kontak ds Herman Gothan by 058 852 1174, 082 773 4740 of **hfg@risp.co.za**.

- Dit is 'n besluit van die AKV dat predikante die **Voortgesette Toerustings-kursus (VTT)** elke jaar moet bywoon. Die datums van die VTT vir 2010 is vasgestel vir **1 tot 2 Junie** en **9 tot 10 November**. Die tema is *Traumaberading.* Die kursus, wat om 09:30 begin, word weer by Gemeente Villieria aangebied en die koste beloop R300 per persoon. Verwittig mev Betsie Brits **voor 26 Mei** indien u die VTT gedurende Junie wil bywoon. Kontak haar per faks by 012 420 4303 of by **betsie.brits@up.ac.za**. Die registrasiefooi moet asseblief vooraf elektronies of per bankdeposito betaal word.

Naam van rekening:	Kerkgeld vir Kerkwerk
Instansie:	ABSA
Rekeningnommer:	020 149 752
Takkode:	63 20 05
Verwysing:	2013K VTT (gevolg deur naam van kursusganger)

- **Dr Gert Volschenk** laat weet uit **Nieu-Seeland** (nie **Australië** soos verlede week berig is nie) dat 'n gemeente van die ACK (Afrikaanse Christelike Kerk) op 2 Mei te Whangarei gestig is met 'n lidmatetal van ongeveer 50. Ses ouderlinge en

vyf diakens is by die geleentheid verkies. Hy berig dat die **stigting** (nie afstigting nie) ordelik geskied het en dat daar groot entoesiasme by die gemeentelede is. Jammer oor die verkeerde besonderhede!

Konserte en dames- en mannebyeenkomste

- Die **NHSV-hoofbestuur se Feeskonsert** vind plaas op **Saterdag 15 Mei** om 14:00 in die kerksaal van Gemeente Schoemansdal. Verskillende Hervormde kunstenaars tree op ter viering van die 70ste bestaansjaar van die NHSV. Die koste is R60 per persoon en sluit verversings in. Die opbrengs van die konsert is ten bate van die **NHSV se Armoedefonds**. Kaartjies is by die NHSV-kantoor beskikbaar, telefoonnommer 012 325 0117.

- ’n Gratis **musiekkonsert** word op **Sondag 16 Mei** om 15:00 in die kerkgebou van **Gemeente Rustenburg-Suid** te Kockstraat 153 gehou. Die kunstenaars wat sal optree, is Wim Viljoen (orrel), Anton Delen (trompet), Sheldon Beangstrom (doedelsak), Hanli Stapela (sopraan) en die koor van die Hoërskool Rustenburg onder leiding van Albert Morland. Kom vroeg en wees verseker van ’n plek. Die deure open om 14:00.

- **Gemeente Krugersdorp** hou van **Vrydag 28 tot Sondag 30 Mei Familiefees**. Vrydag tree verskillende kore op, en Saterdag Bobby van Jaarsveld. Sondag hou hulle **gospelfees** met Diesel, Zoë en Louis Brittz. Kontak ds Hein Delport by 082 341 7205 vir meer inligting.

- **Navi Redd** tree op **Donderdag 3 Junie** om 19:00 op in die Eeufeessaal, Krugersdorp. Die koste is R50 per persoon, en die fondse is ten bate van die **NHSV-hoofbestuur se Armoedeprojek**. Kaartjies is beskikbaar by M Fourie, 011 953 1402.

Brumilda van Rensburg

- **Gemeente Noordrand** hou op **Saterdag 5 Junie** om 10:00 ’n damesoggend. Kom geniet ***high tea*** met Brumilda van Rensburg as gasspreker. Die tema is *’n Tyd om te volhard*. Die koste is R60 per persoon. Daar sal ook uitstallers wees. Kontak Anette Coetzee by 084 500 3989 vir meer inligting.

Kampe en toere

- **Gemeente Gaborone** in Botswana bied van **31 Mei tot 5 Junie** ’n **vliegsafari aan.** Kontak Rudie de Wet by +267 713 00166 of **rudie@dewetdrilling.co.bw**, Guillaume Knipe by +267 713 00646 of **gknipe@work.co.bw**, of Jan de Wet +267 713 00168 vir meer inligting.

- ’n **Toer** van agt dae word **na Israel** onderneem van **31 Mei tot 7 Junie 2010**. Vyfsterakkommodasie en -versorging. Toerprys R19 000 alles insluitend. Kontak dr Hennie Botes by 014 743 0209 of **hjbotes@worldonline.co.za**.

Sportbyeenkomste en -kompetisies

- Op **Saterdag 29 Mei** bied Gemeente Piet Retief ’n **visvangkompetisie** aan by die Heyshopedam op die Ermelopad. Inskrywingsgeld beloop R80 per persoon met twee stokke. Die eerste prys is ’n **vakansie aan die Natalse Noordkus** van ’n Vrydag tot die volgende Vrydag (buite seisoen), ter waarde van minstens R7 000. Daar sal ook ander pryse wees, en wegneemetes sal deur die dag te koop wees. Kontak Flip Klopper by 083 785 5448, Isak Potgieter by 072 246 4554 of Gert Coetzee by 082 927 0220. Die **aand** om 19:00 word ’n **damdans** aangebied. Toegang by die dans beloop R50 per persoon en sluit ’n ete in. Vir inligting oor die dans, kontak Graeme Bennie by 082 782 2123.

Ander kompetisies en fondsinsamelings

- Die diakens van **Gemeente Welgelegen-Pietersburg** se **Projek Handdoeke** begin op **Vrydag 4 Junie** met ’n **sop-en-sjerrie-aand**. Vir die meeste van ons is ’n handdoek ’n alledaagse artikel, maar daar is soveel mense wat dit nie het nie. Die diakens wil handdoeke uitdeel en uitdeel en uitdeel… Indien u wil help om hul handdoekkas te laat oorloop, kontak Annatjie by 015 295 5464 of **annatjiesandrock@gmail.com**.

- **Gemeente Losberg** in Fochville bied ’n **Jagpakket** aan. Die fondse gaan aangewend word vir **diakonale dienswerk** soos ouetehuise, kinderhuise, buitengewone onderwys, barmhartigheid, ensovoorts. Daar is 5 pryse wat gewen kan word vir slegs **R50** – ’n blouwildebees, ’n blesbok, ’n lam, ’n vark en 4 kg biltong. Skakel die gemeentelike kerkkantoor by 018 771 2617 om in te skryf. Die trekking vind plaas op **2 Julie 2010** tydens die gemeente se Biltongaand.

- **Gemeente Losberg** is ook besig om **fondse** in te samel vir die **basaar op 28 Mei**. ’n Replika van ’n **1931 Chevrolet Roaster**, handgemaak van rooshout op ’n skaal van 1:14, is aan die gemeente geskenk. Koop ’n kaartjie teen R10 en maak ’n aanbod (wat u vir die replika sal betaal). Skakel die gemeentelike kerkkantoor by 018 771 2617 om deel te neem. Die sluitingsdatum is **28 Mei 2010**.

- As deel van **Gemeente Randburg** se jaarlikse basaar (**5 Junie 2010**), waarvan die totale wins vir **barmhartigheid** aangewend word, loods hulle ’n kompetisie om **’n vakansie vir twee na Egipte** te wen. Die prys sluit retoer ekonomiese vliegtuigkaartjies in vir Johannesburg-Kaïro-Aswan-Luxor-Kaïro-Johannesburg; lughawebelasting; vervoer tussen lughawe, hotel en hawe; 3 nagte op Nylboot (alle etes ingesluit); en 2 nagte in Kaïro (bed en ontbyt). Kaartjies is beskikbaar teen ’n donasie van R100 by 011 787 4983, **admin@nhk-randburg.co.za** of **elna@nhk-randburg.co.za**.

- Aspirantsangers tussen die ouderdomme van 13 en 23 jaar kan deelneem aan ’n **Afrikaanse sangkompetisie** by **Gemeente Ottosdal** op **Saterdag 31 Julie** vanaf 14:00. Die **sluitingsdatum** vir inskrywings is **Vrydag 16 Julie**. Die eerste, tweede en derde pryse is onderskeidelik R3 000, R1 500 en R500. Navrae kan gerig word aan Adri Botha by 082 403 5051.

- **Gemeente Roedtan** loods hul jaarlikse **Buffeljagkompetisie** vir R50 per kaartjie. **Eerste prys:** 1 x buffelkoei; 2 x blouwildebeeste; 1 x koedoe; 1 x blesbok; 1 x rooibok. Plus akkommodasie vir 10 mense vir vier dae. **Tweede prys:** Voëljag plus akkommodasie vir 10 mense vir twee dae. **Trekkingsdatum: 14 Augustus**. Kontak ds Thys Redelinghuys by 082 416 7724, faks 0865 189 110, of **jagkompetisie@gmail.co.za**. Bankrekening: Absa Spaarrekening; takkode 632005; rekeningnommer 924 227 4630.

Basaars en markte

- **Gemeente Benoryn** in Benoni bied op **Saterdag 22 Mei** ’n **Herfsfees** aan op die gemeentelike gronde in Strubenstraat, Rynfield. Behalwe vir die normale basaarbestanddele bied hulle ook ’n saamtrek van die Nasionale Bloedbank aan, ’n veteraanmotorskou, verskeie uitstallers, veeldoelige handgemaakte ware en verskeie pryse. Die verrigtinge begin om 10:00. Kontak ds Marlize Gasson by 072 117 0317 of 011 849 3266 vir meer inligting.

Juanita du Plessis

- **Gemeente Wonderfontein** in Oberholzer hou vanjaar weer **Winterskou**. Dit vind plaas van **Donderdag 27 tot Saterdag 29 Mei**. **Donderdagaand** om 19:00 tree Juanita du Plesssis op, **Vrydagaand** Beeskraal en Bok van Jaarsveld, en **Saterdagaand** Elisma en Fredi Nest. **Vrydagoggend** word die *Bo 60*-groep getrakteer. **Saterdagoggend** vind ’n baba-en-kleuter-kompetisie plaas wat

hanteer word deur Pikkie Kleuterskool. Die Mnr en Mej Winterskou 2010 vind **Saterdag na 14:00** plaas. Gaan geniet die mallemeule en klimmure, of loop met ballonne op die water. Daar sal ook uitstallers wees, en daar is nog 'n paar oop staanplekke vir buitengewone stokperdjies en ware beskikbaar. Stuur 'n faks met besonderhede na 018 786 3481. **Sondagoggend 30 Mei** word die fees afgesluit met 'n lofdiens. Kontak ds Nickie Alberts by 018 788 5071, 083 783 8143, 018 786 8143 of 082 713 4544.

- Die **Dora Theo Gemeente in** Kimberley hou op **Vrydag 28 en Saterdag 29 Mei basaar en Gospelfees** by Hoërskool Diamantveld. Kom luister na **Uitverkoop** en **Willie Joubert**. Kontak ds Hennie Pretorius by **hennie@noordkaapkerk.co.za** of 053 832 4018.

- **Gemeente Losberg** in Fochville hou op **Vrydag 28 Mei** hul jaarlikse **basaar** op hul kerkterrein. Die basaar begin om 10:00 en duur tot laat. Kosstalletjies, 'n teetuin waar die moeë voete kan rus, allerlei gebak en pragtige tierlantyntjies is beskikbaar. Hope vleis vir die vrieskas, en ook baie pret en speletjies vir die kinders. Kontak ds Ernest Marran by 018 771 2340 of 082 444 1089 vir meer inligting.

- **Gemeente Klerksdorp-Doringkruin** se **basaar en koorfees** vind plaas op **Vrydag 28 Mei**. Begin die werksdag vanaf 06:00 met 'n heerlike ontbyt en sluit dit af met 'n aandete vanaf 18:00. Vanjaar se koorfees word onder die vaandel van die ATKV gedoen met die bekende beoordelaars Neels Boonzaaier en Marina Mentz van **ATKV Applous**. Kore van die hele Noordwes neem deel aan die bekende koorfees wat reeds om 14:00 begin. Daar is nog geleentheid vir kore wat wil inskryf. By al die opwindende aktiwiteite is die gebruiklike basaarlekkernye, soos pannekoek, vetkoek, kerrie-en-rys, basaarpoeding, sosaties, hond-op-'n-stok, potbrood, tuisgebak, kleinkoekies en beskuit beskikbaar. Besighede/skole kan bestellings plaas **voor Woensdag 26 Mei**. Wen 'n tollie of R5 000 kontant vir slegs R5; die trekking is tydens die basaar. Kom en geniet die dag saam met vriende en familie! Kontak Roenie van Zyl by 082 458 1257, ds André Ungerer by 082 940 8201, of die gemeentelike kerkkantoor by 018 468 5545.

Ter illustrasie

- Die **Kuruman-kombinasie** bied op **Saterdag 29 Mei** om 09:00 die **Kameeldoringkarnaval** aan. Bok van Blerk, Piet Planter en ander plaaslike kunstenaars tree op as gaskunstenaars, en toegang is gratis. Hulle het ook 'n groot **kompetisie** teen slegs R100 per kaartjie. Die 1ste prys is 'n gerestoureerde 1971 Ford Fairlane V8; die 2de prys is 'n 1975 Mercedes Benz 240D; die 3de prys is 'n vleispakket bestaande uit 'n slagbees, slagskaap en 'n gemsbok; en die 4de prys is 'n week lang vakansie in Umdloti van 16 tot 23 Julie. Daar sal vleis verkoop word teen billike pryse, en daar is 'n veiling met kwaliteit artikels. Vir meer inligting, kontak Rita Kern by 083 328 4465 of 053 723 1266.

- **Gemeente Schoemansdal** in Hartbeespoort hou op **Saterdag 29 Mei** van 09:00 af **basaar**. Kom luister na Piet Patat, Abrey van der Westhuysen van Limpopo, Heinz Winkler, Bobbie van Jaarsveld en Nicolaas Louw. Toegang is gratis, en daar is baie om te eet en te drink. Kontak Mientjie by 083 536 1530 vir meer inligting.

- **Gemeente Noordelike Pretoria** hou op **Saterdag 29 Mei** van 18:30 af 'n **Biltongaand** by die NG gemeente Wonderboom-Suid, 12de Laan 920. Die koste is R120 per persoon. Geniet ook die optrede van Yoti die Griekse Boertjie.

- **Gemeente Klerksdorp-Oos Môrester** hou op **Vrydag 4 Junie en Saterdag 5 Junie** 'n **Cowboys en Crooks… en Indiane-basaar.** Vrydag hou hulle skaapbraai, met die ete van 17:00 af, asook met wegneemetes. Skakel Piet Slabbert by 084 415 1451 oor die ete. Vrydag en Saterdag is daar maalvleis en boerewors beskikbaar. Daar is 'n gratis konsert waar elkeen sy/haar talente kan

kom wys. Koop lootjies om ’n koedoe se vleis te wen. Besoek die kunsekspo waar plaaslike talent se werke te koop sal wees. Snuffel deur die boeke en ander goedere, asook goeie gebruikte klere. Daar sal speletjies en pretvermaak vir die kinders wees, en geleentheid om saam met die *hunters archery club* teiken te skiet. Kom smul aan die tuisgebak en ander eet- en drinkgoed. Vir meer besonderhede, skakel Dean Heymans by 084 507 6847 of ds Stefan Botha by 018 462 9437.

- **Gemeente Wesmoot** hou op **Vrydag 4 en Saterdag 5 Junie basaar** by Makro in Wonderboom. Die tema is ***Wêreldbekersokker 2010***. Op 4 Junie bied hulle ’n egte boeredans aan by Hoërskool Tuine Tegnies, en op 5 Junie hou hulle die basaar by Makro. Daar sal ’n *Car Sound*-kompetisie wees, verskeie optredes van amateurkunstenaars, en ’n armdrukkompetisie. Daar is ook 2 rooibokke te wen, elkeen se waarde nagenoeg R750. Jy kan die rooibok self gaan skiet of reël dat dit geskiet word namens jou. Kontak Fanie Beukes by 073 167 1183 vir ’n kaartjie teen R20 stuk. Hulle nooi almal ook na die **Lofprysingsdiens** van **Sondag 6 Junie om 18:00** in die gemeente se kerkgebou.

- **Gemeente Groot Marico** hou vanjaar hul **Safarikarnaval** op **Saterdag 5 Junie**. Toegang is gratis en daar is volop parkering. Die gaskunstenaar is Thys die Bosveldklong. Koop pragtige kunswerke en antieke meubels op die veiling, eet pap en kaiings soos in die ou dae, vul sommer die vrieskas aan met keur vleissnitte (uiters goeie pryse), om nie te praat nie van die konfyte en ander ingelegde produkte. Rig navrae aan ds Willem Sauer by 079 699 1237 of besoek **www.maricosafarikarnaval.co.za**.

- **Gemeente Van der Hoff** in Groblersdal hou op **Saterdag 5 Junie** van 09:00 af ’n ***Potbelly***-basaar op die kerkterrein. Daar word onder meer ’n groot potjiekoskompetisie aangebied met heerlike pryse te wen. Soos gebruiklik baie te sien, te doen, te koop en te eet! Vir meer inligting, skakel ds Johan du Preez by 013 262 4266 of Kobus Ehlers by 082 692 9809.

- **Gemeente Koedoesrand** hou hul jaarlikse **Bosveldkarnaval** op **Saterdag 12 Junie** te Swartwater. Steve Hofmeyr is hul gaskunstenaar vir die aand, en ’n jong opkomende kunstenaar, Nagelique, vermaak deur die dag. Daar is hope stalletjies en vermaak soos hoender- en varkvang, krokodilproe, kettieskiet, ’n bergfietswedren en ’n meelbomkompetisie waar ’n slagbees gewen kan word. Grootskermrugby word vertoon (Suid-Afrika teen Frankryk). Besoek hul webwerf by **www.bosveldkarnaval.co.za** vir meer inligting.

- **Gemeente Ventersdorp** hou op **Saterdag 4 September basaar**. Daar sal ook pretritte met veteraanmotors wees. Daar is geen inskrywingsfooi nie maar wel goeie pryse te wen. Enigeen wat die gemeente finansieel wil ondersteun of aan ’n pretrit wil deelneem, kan Mario Röscher kontak by 083 566 4351.

ANDER NUUS

- Die **Eiland/*Beeld*-Kinderfonds Gholfdag** vind plaas op **Saterdag 15 Mei** by die Hans Merensky Buiteklub in Phalaborwa. Gaan speel gholf, of neem deel aan een van ’n verskeidenheid borggeleenthede, of gee ’n ex gratia-donasie. Kry so blootstelling tydens die geleentheid en daarna in die media. Stuur ’n e-pos na **info@beeldkinderfonds.co.za** vir ’n inskrywingsvorm.

- Die **volgende vergaderings** vind in die komende week plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

- Dinsdag 18 Mei: Kuratorium
- Woensdag 19 tot Saterdag 22 Mei: Algemene Diakensvergadering
- Donderdag 20 Mei: Redaksie van *Die Hervormer*

KOMMENTAAR

"Die voorbladartikel van die *e-Hervormer* van 6 Mei verwys. Ek wil die ander kant graag aansny. Selfs in die Bybel is God nooit sonder sy kerk nie. Sy openbaring vind nie plaas in die hemel of in die gedagtes van filosowe nie. Hy openbaar Hom in die gesinne en huise van mense, op die trekpad en by 'n put, oral waar mense in Gees en waarheid aanbid, maar selfs daar waar hulle Hom vergeet het en hul erfdeel vir varkkos verruil het. Sy kruis staan op 'n heuwel langs 'n pad waar mense verbygaan. Hy woon in die midde van sy volk. Paulus begin elke brief eers met die teologiese begronding, maar wy dan die res van die brief aan die versorging van die kerk. Dalk is die verlies aan lidmate juis omdat dié wat hulle met die kerk van God moet besig hou, dit nie doen nie."

Ds Freek van der Merwe

"Die oordenking van dr Piet van Zyl het betrekking. Om in 'n land soos Suid-Afrika te woon, is seker een van die uitdagendste en uitsonderlike geleenthede vir 'n gelowige. Daar gaan nie 'n dag verby dat 'n mens nie die geleentheid het om uit te reik en te deel met mense oor hoe almagtig God is nie.

En dit laat my aansluit by dr Van Zyl dat die Hervormde Kerk sigself dalk so besig hou om die orde en die plek van die Kerk te definieer, dat die geleentheid om die ryke erfenis van die geloof in en die verlossing van Christus met ons naaste te deel verspeel word. Geslagte al word selfs met susterskerke verskil oor of dit kelkies of die beker moet wees. Of dit net psalms of ook gesange moet wees. Of eers die mans en dan die vroue mag aansit by die Nagmaal. Of vrouens in die ampte mag dien of nie. Genadiglik is baie van hierdie non-essensies al bygelê.

Het dit nie dalk tyd geword dat die volkskerk vir God se kerk moet plek maak nie?"

Dr Ernie Jacobson

ADVERTENSIES

Selfsorg-gastehuis met slaapplek vir 4 mense in **Pringlebaai, Wes-Kaap** te huur. Lieflike uitsig oor Valsbaai en die berge. Rustige kleindorpie-atmosfeer. Beskikbaar heel jaar. Ten volle toegerus en met skoonmaakdiens. R500 per nag vir die huis. Skakel 083 309 0829.

Advertensies waarin 'n private individu of instansie die begunstigde is, kan in die *e-Hervormer* geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann by **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 630 5153. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing: SENTIK Ads.**

Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

Bybelvasvra 2010

Die Bybelvasvra konsentreer vanjaar op die ***pastorale briewe*** (1 en 2 Timoteus en Titus).

BELANGRIKE DATUMS
Gemeentevasvra: Soos deur gemeentes besluit
Ringsvasvra: Moet verkieslik afgehandel wees voor einde Julie
Streekvasvra: Moet asseblief afgehandel wees voor einde Augustus (*Let op die nuwe streekindelings!*)
Landswye Finaal: 11 September 2010 om 08:00 by Noordwestelike Pretoria

BESTEK
Vir gemeentes: Soos besluit deur gemeentes
Vir die ringsvasvra: Soos besluit deur die betrokke ringskomitees vir gesinsorg
Vir die streekvasvra en landswye finaal:
Laerskool: 1 en 2 Timoteus
Hoërskool: 1 en 2 Timoteus en Titus (plus agtergrond uit artikels van dr Gerhard Nel)
Naskool: 1 en 2 Timoteus en Titus (plus agtergrond uit artikels van dr Gerhard Nel)

Die artikels van dr Nel het in *Konteks* verskyn: oor 1 Timoteus in Maart 2010, oor 2 Timoteus in April 2010, en oor Titus in Mei 2010. Besoek ook die webblad **www.konteks.co.za**, gaan na die skakels, en vind die betrokke artikels daar.

Die Bybelstudiehandleiding wat deur dr Nel oor die pastorale briewe geskryf is, sal ongelukkig nie betyds beskikbaar wees nie.

REËLS EN STREEKINDELING
Maak seker van die reëls en die streek waarbinne julle gemeente deelneem. Meer besonderhede hieroor is beskikbaar op die webwerf van *Konteks* (**www.konteks.co.za**).

Baie sterkte met die jeugbediening in die gemeentes!

Ds Stephen de Beer
Komitee vir Landswye Bybelvasvra



Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Francis Coertse